

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

13 FEBRUARIE 2026 - JAARGANG 58-1712

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND

11 Februarie 2026 - 40.70%

11 Februarie 2025 - 62.53%

Reënval vir die week:
Geen

Body Fuel
EXPRESS

Purified Water
Ozomated / Reverse Osmosis

Dorpstraat, Vredendal
083 611 2867

* Refill station
* Water dispensers

Bouwerk in volle swang



Bouers fluks besig met die bouwerk.
Lees die volledige berig op bl. 3.
Foto: Annemarie Munnik.

Lees binne:

**Optog
oor
dienslewering
bl 2**

**Landbouprodusent
publiseer
boek
bl 4**

**Fietsryers
voltooi
wedren
bl 8**

Weervoorspelling vir die week

Don. 12/02 15°/34° 	Vry. 13/02 12°/29° 	Sat. 14/02 17°/34° 	Son. 15/02 20°/42°
Ma. 16/02 19°/43° 	Di. 17/02 16°/35° 	Wo. 18/02 16°/34° 	Inligting verkry vanaf AccuWeather 11 Febr. 2026

**MASKAM
CASH**

Dorpstraat, Vredendal
027 213 3249

Kort op kontant?
Ons kan help!

STEMPELS

Ons Kontrei kantore
Centralstraat 8, Vredendal • Tel: 027 213 2074
E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

- Groot verskeidenheid
- Selfink stempels
- Hout stempels
- Inkkussings



Hou jou tuin in goeie toestand, selfs gedurende die water beperkings. Met behulp van 'n Maskam Gryswater Stelsel kan jy al jou gryswater hergebruik vir 'n prag somer tuin.

- Huidige model is in gebruik sedert Januarie 2016
- Ingeboude filter verwyder wolletjies en hare, wat verstopping van sproeiërs verhoed
- Gryswater word behandel voor gebruik.



Olive str, Vanrhynsdorp

- GEEN slegte reuke nie.
- 100% tevrede kliënte tot op datum.



Vanrhynsdorp
Tel: 083 305 5233
Epos: hennie@maskam.co.za

**KANTOORGEBOU
TE
HUUR**

VREDENDAL

Kontak
082 889 1820

AKTUELE NUUS



Plaaslike verkeer en die SAPD het saam met die groep beweeg.

Optog oor swak dienslewering

Berig en foto: Annemarie Munnik

VREDENDAL: 'n Groep ongelukkige inwoners van regoor Matzikama het Dinsdag, 10 Februarie 'n vreedsame optog gehou. Die groep het vanaf Vallei Motors tot by Matzikama Munisipaliteit gestap.

Jacky Claasen het die memorandum aan die gemeenskap voorgelees voordat hulle om 10:00 vertrek het. Dit handel oor die swak dienslewering wat die agt wyke tans ervaar. Hy sê hul beplan al geruime tyd die optog. Hulle doen dit nie vir hulself nie, maar vir die gemeenskap.

Een van die punte op die memorandum, is die onregverdigde beleide van die munisipaliteit. Hy sê dat die munisipaliteit nie almal dieselfde behandel nie, daar is verskillende reëls vir verskillende persone, dit hang af in watter klas jy val. Verder die gebrek aan aanspreeklikheid vanaf die munisipaliteit.

Die sleutelpunte in die memorandum is die elektrisiteit wat blokkeer word. Hy sê die gemeenskap is nie behoorlik daarvoor ingelig nie, veral die onregverdigde implementering van die 80/20 beleid. Hulle voel dié beleid moet geskrap word. Die gemeenskap soek Eskom krag, regoor Matzikama, nie net in sekere gebiede nie. Rekeninge wat onmoontlik is om af te betaal, moet afgeskryf word. Hulle voel hoekom moet 'n erfgenaam van 'n huis "gestraf" word vir rekeninge wat hul ouers nie kon betaal nie.

Elke persoon het die reg op skoon en drinkbare water. Een van die regte wat inwoners tans nie ervaar nie. Hy sê dit is nie onderhandelbaar nie en daar moet dadelik daaraan aandag geskenk word.

'n Ander standpunt is die sportfasiliteite wat onvoldoende is, byvoorbeeld Uitkyk inwoners wat na Lutzville moet gaan om die sportgrond te gebruik.

Ongelyke verdeling van EPWP aanstellings, hy sê veral as 'n sekere party in beheer is, dan word net daardie party se persone aangestel. Hulle voel dit moet gelyk verdeel word tussen die verskillende dorpe.

Volgens hulle is daar geen implemen-

tering van Artikel 106 van die Wet op Plaaslike Regering; Munisipale Stelsels 32 van 2000 nie. Die gemeenskap voel daar word nie opgetree teen raadslede wat aangekla word nie, al word daar opdrag deur die minister gegee. Asook die beweerde indiensneming gebaseer op politieke affilasie.

Verder moet daar aandag gegee word aan informele uitbreidings sonder die nodige basiese dienste, soos in Koekenaap, Lutzville-Wes, Uitkyk en Doringbaai. Hy sê dit is skending van menseregte. Kleinboere word ook afgeskeep. Verskeie kleinboere het nie behoorlike sanitasie nie. Hulle het ook nie die nodige toerusting om te floreer nie.

Verder vra die gemeenskap RDP huise, persone kry gedienste erwe en dan moet hulle self huise bou. Hy sê persone doen nie aansoek vir 'n gedienste erf nie, maar vir 'n huis.

Die gemeenskap voel dat 'n beleid nie net vir 'n sekere groep in die gemeenskap opgestel moet word nie. Almal verdien om as 'n eenheid behandel te word. Alle vorme van onregverdigheid moet gestop word. "Die lyn is in die sand getrek."

Die groep het vreedsaam gestap tot by Matzikama Munisipaliteit, waar hul die memorandum aan die burgemeester, Johan van der Hoven oorhandig het.

Matzikama Munisipaliteit het as volg reageer. "Die staking wat vandag deur lede van die gemeenskap plaasgevind het, spruit voort uit 'n openbare vergadering wat in Desember 2025 deur die munisipaliteit met die publiek gehou is, waartydens verskeie diensleweringkwesties geopper is.

Die gemeenskap het hul griewe formeel in 'n memorandum uiteengesit en versoek dat die munisipaliteit teen Dinsdag, 17 Februarie om 09:00 skriftelik reageer op die punte soos daarin vervat. Die munisipaliteit neem kennis van die memorandum en die sake wat daarin vervat is, en sal dit ingevolge die voorgeskrewe prosesse hanteer."

Afskeid, maar ook 'n verwelkoming

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die personeel by Goede Hoop Citrus het op Vrydag, 30 Januarie afskeid geneem van René Alberts; aan almal eenvoudig bekend as "Juffrou".

Alberts het vir 35 jaar met die sorg van 'n moederhen na haar kuikens omgesien. Sy het hulle met sagte woorde vertroetel, ondersteun en bemoedig, maar wanneer nodig, ook met 'n ferm hand en wysheid van 'n ware moederhen opgetree.

Goede Hoop Citrus se personeel sê hul gun haar die welverdiende rus en die geleentheid om kwaliteit tyd saam met haar geliefdes deur te bring. "Soos 'n moeder haar kinders nooit werklik uit haar hart laat gaan nie, weet ons dat René altyd 'n moederfiguur vir ons by Goede Hoop sal bly. Mag dit met jou goed gaan," is hul afskeidboodskap aan haar.

Jasine Jonkers sal voortaan Alberts se verantwoordelikhede oorneem en hulle wens haar sterkte toe en glo sy sal lank en gelukkig by die groep wees.

Die groep het ook vanaf 1 Februarie vir **Le Riche du Plessis (foto regs)** as finansiële bestuurder by Goede Hoop Citrus verwelkom.

Du Plessis sal verantwoordelik wees vir

finansiële dienste binne Goede Hoop Citrus sowel as die groep se bemerking. Hy sal 'n sleutelrol speel in die strategiese besluitneming, finansiële beplanning en volhoubare groei.

Du Plessis glo sterk in persoonlike en professionele ontwikkeling. Hy het sy MBA graad voltooi wat sy toewyding aan voortdurende leer en uitnemende leierskap weerspieël.

Die groep sien uit na die waarde wat sy ervaring en toewyding sal toevoeg en wens hom alle voorspoed toe in die nuwe posisie.



Lutzville stap weer weg met toekenning

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

LUTZVILLE: Die Skoleondersteuningsentrum se meriete-toekenningsfunksie het op Vrydag, 6 Februarie hulde gebring aan uitnemendheid in Afrikaanse skole en Hoërskool Lutzville is vir die tweede agtereenvolgende jaar genooi.

Vyf en sewentig skole se hoofde/afgevaardigdes was teenwoordig en het in totaal 67130 leerders verteenwoordig. Die Skoleondersteuningsentrum stel elke jaar 'n verslag saam waarin die Senior Nasionale Eksamen se uitslae ontleed word en Top skole vereer word.

Matzikama is trots op Hoërskool Lutzville wat vir die tweede agtereenvolgende jaar as die nommer 1 vir Kleiner Afrikaanse Plattelandse skole aangewys is op grond van die aantal onderskeidings (Vak A's) wat die matriekklas van 2025 behaal het.



Marlida Lombard, skoolhoof van Hoërskool Lutzville.

Gemeenskap genooi na vergadering

Berig: Annemarie Munnik

KLAWER: Die gemeenskap word genooi na die Gemeenskapspolisiëring Forum vergadering.

Dit vind plaas op Donderdag, 19 Februarie om 18:30 in die Klawer gemeenskapsaal.



PROTEA DRUKKERY

Ons ontwerp & druk boeke

Centralstraat, Vredendal
Tel: 027 213 2074
E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

Self-deurslagpapier
Kwaliteit drukwerk
Betroubare diens

HOOF NUUS

Oprigting van Matzikama Mediese Sentrum goed op dreef

Berig en foto's: Verskaf

VREDENADL: Die oprigting van die privaathospitaal in Vredendal is besig om momentum te kry.

Die ontwikkeling bestaan uit verskillende geboue en projekte: Ambulansstasie, oprigting van 106 000 liter water opgaartenk, medici gebou (spreekkamers), noodeenheid, nierdialise, radiologie afdeling, 20 - bed daghospitaal, apteek, koffiewinkel en Pathcare.

Die ambulansstasie is reeds dakhoogte en die staaldak gaan as 'n eenheid opgesit word binne die volgende week of twee. Intussen word die gebou gepleister en binne ingerig. Die watertenk is geïnstalleer en pype word nou gelê. Die medici gebou word nou binne beplan in samewerking met die medici wat daar wil ingaan. Die hospitaalggebou, wat alle ander eenhede insluit, gaan as 'n geheel opgerig word. Die noodeenheid se fondasies is gedeeltelik reeds gegooi.

Tans lê die volledige planne by Departement van Gesondheid om 'n stempel te ontvang. Dit is in beginsel reeds

goedgekeur. Volledige kwotasies vir die oprigting van die hele hospitaal is nou onder bespreking en sodra dit klaar is, behoort die bouwerk binne die volgende 6 weke volstroom te begin. Volgens die bouers sal die proses 12 maande duur.

Intussen word daar samesprekings gehou en kontrakte geteken tussen die onderskeie partye wat gaan huur: nierdialise, radiologie afdeling, koffiewinkel, apteek en Pathcare.

Sodra die ontwikkelaars die "stempel" van die departement ontvang, kan bouwerk volstroom begin. Die teikendatum vir die opening van die hospitaal en noodeenheid is Maart 2027.

Alle werksgeleenthede sal in die algemene media bekendgemaak word. Volg ook "Matzikama Mediese Sentrum Privaat Hospitaal" se Facebookblad om vordering dop te hou.

Die plaaslike beleggers word weereens bedank vir hul vertroue in die projek, want sonder hulle sou dit nie moontlik gewees het nie.



'n Driedimensionele voorstelling van die sentrum.



Die vooraansig voorstelling.

Tragiese ongeluk op Piekenierskloofpas

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: 'n Noodlottige ongeluk tussen 2 voertuie het op Sondag, 8 Februarie om 05:45 in die Piekenierskloofpas plaasgevind. Die grusame botsing het bergaf, rigting Eendekuil en enkele kilometers net na Kardoesie gebeur.

Min inligting oor die voorval is beskikbaar, maar wat bevestig kon word, is dat twee vragmotors in die ongeluk betrokke was. 'n Scania lorie met sand/klip was op pad in die rigting van Citrusdal. 'n Kleiner wit Isuzu trok van die Noord-Kaap met skrootmateriaal en twee insittendes was op pad bergaf. Volgens die bestuurder van die Scania het hy om 'n draai in die pas gekom, toe hy die Isuzu gesien het wat in die draai omgeslaan en direk in sy rigting gegly en teen sy lorie gebots het. Hy kon nêrens heen uitswaai nie en die twee voertuie was in 'n kop-aan-kop-botsing betrokke. Beide insittendes in die Isuzu is op die toneel dood verklaar.

Geen name is nog bekendgemaak nie. Na wat verneem word het een insittende in die kop van die Isuzu vasgesit. Die lorie is 'n totale wrak. Die bestuurder van die Scania was beseer.

Die nooddienste, Citrusdal se brandweer en Provinsiale verkeer was op die toneel. Die pad is dadelik gesluit tot verdere kennisgewing. Cederberg Munisipaliteit het deurgaans inligting verskaf. Verkeer was hewig ontwrig en het kilometers ver opgehoop. Provinsiale verkeer het voertuie na alternatiewe paaie herlei. Verkeer vanaf Piketberg is via die grondpad aan die Eendekuil kant herlei, maar is later gesluit. Verkeer van Clanwilliam is via Citrusdal na Ceres herlei.

Die voertuie is van die pas verwyder sodat SANRAL die padoppervlakte kon skoonmaak vir eenrigting verkeer met 'n stop/ry. Die een baan moes nog opgeruim word.



Die ongelukstoneel.

Stuur nuuswenke aan
edit.onskontrei1@gmail.com
of maaitjie@brbsales.com

Straatfees ten bate van Huis Matzikama
7 Maart 2026 • 9:00

Rouwleis, braaivleis, poedings, slaai, Koektafel, koekies en beskuit, pannenkoek, kindertafel en nog vele meer.

Kom geniet hierdie heerlike oggend saam met ons!

50th
Somerkoelte Verjaarsdag Basaar
21 Februarie
om 09:30

Roosterkoek en wors
Verskeidenheid pasteie
Jaffels / Beskuit / Koekies
Pannekoek / Poeding
Groente / Vrugte
en nog vele meer.
Almal is welkom

Happy Birthday

COMPASSION 4 PAWS
SATERDAG 28 FEB 2026
08:00 - 15:00
1 - 4 PERSONE PER SPAN

POTJIEKOS Kompetisie @ ZAR

MUSIEK | STALLETJIES

POTJIEKOS VERKOPE @ R30 per bord

GROOT PRYSE | LOOTJIES

KONTANT KROEG GEEN EIE DRANK / KOS

R250 PER SPAN

KONTAK ONS
081 544 7333 / 064 471 5960

Huis Muller
FONDSINSAMELINGSDANS

BRAAIVLEIS-ETE EN DANS MET
DIE BROERS

DATUM: SATERDAG 28 FEBRUARIE 2026
PLEK: AUGSBURG LANDBOU GIMNASIUM SKOOLSAAL
TYD: 19:00

KOSTE: R250 PER PERSOON
KINDERS ONDER 12 JAAR: R100 PER KIND
BRING JOU EIE "COOLER"
@ R150 PER "COOLER"

BESPREEK NOU JOU KAARTJIE BY:
ERNA 063 174 2891

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2026

Stuur gerus 2026 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

VANRHYNSDORP:
Môrester Akademie bied aan
Valentyns Piekniek
Vrydag 13 Februarie
18:00 vir 18:30
by Môrester Akademie

LUTZVILLE:
Valentynsdans
Lutzville Hotel
Saterdag, 14 Februarie
om 19:00.
Navrae 027 217 1513 / 073 297 8056

VANRHYNSDORP:
Matzikama Motorcycle Ministries
Chainbreakers/Waymakers
Ouderdom 14 - 35 jaar
Vrydag 20 Februarie
18:00 - 20:00
by Vanrhynsdorp Jukskeiklub

CITRUSDAL:
Cederberg Landbou Expo
Colour run
Saterdag 28 Februarie
Wegspring - 07:00
by Citrusdal Sportgronde

CLANWILLIAM:
Fondsinsamelingsdans
met die Broers
ten bate van Huis Muller
Saterdag 28 Februarie
by ALG skoolsaal om 19:00

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombud.sman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Vir sonde moet betaal word

Skrifgedeelte: Eksodus 23:1-13
Fokusgedeelte: Eksodus 23:7 "Hou jou ver van valse sake af. En moenie die onskuldige en die wat reg het, ombring nie, want Ek sal die skuldige nie regverdig verklaar nie." (Afrikaanse vertaling 1953)

Baie mense dink dat as God sonde vergewe, dan skryf Hy dit sonder meer af. Besighede skryf slegte skuld af wanneer dit duidelik is dat daar geen manier is waarop hulle die geld kan invorder nie. Eintlik beteken dit dat hulle self die skuld betaal. Hulle hou nie meer die kliënt daarvoor verantwoordelik nie.

Wanneer God sonde vergewe, beteken dit dat iemand daarvoor betaal het. God is so

heilig en so regverdig dat Hy nie die sonde sommer so afskryf nie.

Nee, daar moet daarvoor betaal word. Sy geregtigheid eis dat die sonde nie alleen met tydelike straf nie, maar ook met ewige strawwe na liggaam en siel gestraf moet word.

Ons bely: "Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word." Daar is dus net een manier om aan hierdie strawwe te ontkom iemand moet daarvoor betaal. God self het immers gesê (Eks 23:7): "Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie."

As God sonde sonder meer sou afskryf, daarvan sou vergeet sonder dat iemand

daarvoor betaal, dan sou dit beteken dat Hy skuldiges onskuldig bevind en sou Hy sy eie heiligheid en geregtigheid verloën. Nee, vir sonde moet betaal word, anders is God ontrou aan Homself en dit kan tog nie.

Die vergewing wat God gee, is dus nie goedkoop of verniet nie. Dit is 'n erkenning dat die volle prys betaal is. Hierdie vergifnis is dus eintlik die gee van 'n kwitansie wat sê: "Vir hierdie sonde is ten volle betaal!"

As gelowiges weet ons dat ons sonde nie sonder meer afgeskryf is nie, maar dat Jesus Christus aan God se geregtigheid voldoen het deur met sy liggaam en bloed dubbel en dwars die prys te vereffen. Mag hierdie wete vandag en elke dag my manier van lewe vorm!

Doktor Malan van Rhyn

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

'n Reis deur Lebanon

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Die Leefkring-groepie van Sederhof Tuis vir Bejaardes het onlangs 'n baie interessante praatjie oor die leefwyse in Lebanon gehad.

Sue Raad het die inwoners van Sederhof op 'n reis deur haar geboorteland geneem. Sy het meer vertel oor die land, wat die mense eet en hoe die kultuur ervaar word.

Die inwoners het na tradisionele Lebanonese musiek geluister en kon verskeie interessante items van nader bekyk; onder andere 'n backgammon speletjie, hubbly bubbly, koperborde, 'n pragtige koffiestelletjie en ander items.

Die lekkerste deel vir die inwoners was dat hulle gratis kon reis en geen paspoort

nodig gehad het nie, dan ook die heerlike dadels wat sy aan hulle voorgesit het. Hulle was ook verras om te hoor dat die Leba-

nese sederboom in hul duisende in die land groei.

Die tema: "Saam om die Wêreld" is iets wat die tuis beplan om nog 'n paar keer die jaar aan te pak. Inwoners sien baie daarna uit om nog lande te besoek.



Inwoners luister na die interessante praatjie deur Sue Raad.

Boek met weermagbriewe het pas verskyn

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Vir jare het Pierre Louw 'n boks met briewe van sy ma, Corby gebêre. Die briewe het sy, nadat hy in 1974 matriek geskryf het en sy diensplig by die Suid-Afrikaanse Weermag gedoen het, aan hom geskryf.

Na Corby se dood op 10 Desember 1999, het sy broer 'n boks briewe ontdek en aan hom oorhandig. Hy het onwetend van sy briewe aan haar, ook sy boks met briewe wat sy aan hom geskryf het, gebêre. Louw het die briewe in volgorde gerangskik sodat hy die twee verhale in een kon skryf, of altans "tik".

Die briewe vertel op die einde 'n heel ander storie. Louw wat nie kan tik nie, het met een vinger vir twee jaar lank aan hierdie briewe getik sodat sy kinders dit eendag kon lees. Sy handskrif is onleesbaar. Sy dogter, Ilze Schlebusch vertel hoe hul altyd gespot het met die briewe wat hy aan hul ouma geskryf het, want dit was moeilik om te lees. Dit het blykbaar soos 'n lyn gelyk waarvan hulle net die eerste letter kon uitmaak en moes raai wat daar geskryf staan.

Na die twee jaar van tik was Louw se

begeerte om die briewe in boekvorm vir die kinders te plaas. Hy het op die internet na boekuitgewers gesoek en Turksy Publi-shers gekry.

Schlebusch sê die boek is op haar ouma se verjaardag, sy sou toe 100 wees, gepubliseer. "Ek weet sy geniet hierdie daarbo." Haar ouma het blykbaar baie gehou van stories lees. Louw het altyd gesê dis sommer net vir die familie, maar baie mense het daarvan gehoor en dit gelees. Die boek genaamd: "Liewe Ma briewe uit my weermagdae," blyk iets uniek te wees.

Pierre Louw is in 1954 in die Paarl gebore en het skoolgegaan by Paarl Boys High. Na matriek is hy na 7 S.A.I. te Bourke's Luck naby Graskop, Mpumalanga. Hy het daarna 3 maande diensplig op die grens tussen Namibië en Angola gedoen. Daarna is hy na Saasveld Bosboukollege op George en het sy pad hom gelei as tuinboukundige by die Kaapstad stads-raad. In 1982 koop hy sy skoonpa se plaas in Boskloof buite Clanwilliam waar hy sedertdien boer. Louw sê hy en sy vrou Therese is al 43 jaar gelukkig getroud en het twee dogters en volgens hom goeie skoonseuns en 6 dierbare kleinkinders. Ons Kontrei lesers wat graag die boek wil bekom, kan hom kontak deur middel van WhatsApp by 082 472 9226.



Pierre Louw met sy boek; Liewe Ma briewe uit my weermagdae.

Every day create your history,
every path you
take you're
leaving your legacy.
- Michael Jackson.

INDEKS

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. GESOEK
11. VERLORE / VERMIS
12. ALGEMEEN
13. BOTE / DUK-TOERUSTING
14. LEWENDEHAWE
15. TROETELDIERE
16. GESOEK / BENODIG
17. MEUBELS
18. MUSIEK- INSTRUMENTE
19. RADIO / TV / VIDEO
20. TUINBOUDIENSTE
21. JUWELIERSWARE
22. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
23. SPORTTOERUS- TING
24. VAKANSIE
25. AKKOMMODASIE
26. REKENAARS
27. KANTOOR-TOERUSTING
28. BOUMATERIAAL
29. BOUWERK / VERF
30. VERVOER
31. AKKOMMODASIE
32. TE HUUR
33. SEKURITEIT / WAPENS
34. FIETSE
35. MASJINERIE/ IMPLEMENTE
36. ONDERDELE / ENJINS
37. MOTORHERSTEL- WERK
38. SLEEPWAENS
39. MOTORFIETSE
40. WOONWAENS
41. VOERTUIE
42. EIENDOM
43. BETREKKINGS
44. BLINDINGS
45. ELEKTRIESE - WARE
46. GRASSNYERS
47. TE KOOP
48. TE RUIL

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075


Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

DIENSTE

ELVINS CONSTRUCTION
vir jou konstruksie behoeftes. Plaaswerk, verfwerk en meer. Geleë in Lutzville. Kontak 079 253 0869.

AKKOMMODASIE

DURBANVILLE: Veilige akkommodasie. Self-sorgwoonstel ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braaipatio, DSTV, Wi-Fi. Billikste pryse gewaarborg. Skakel Mev van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.



PASELLA ADS
WORD GRATIS GEPLAAS
Geen handelaars.

Slegs 10 woorde per advertensie word toegelaat.
Advertensies mag slegs 2 keer herhaal word.
Stuur jou advertensie inligting na
info.onskontrei1@gmail.com of
skakel 027 213 2074

SUPER SMALLS

R954.00 + BTW vir 4 plasings.
Spesiale prys op 12 plasings.

NAMAQUA PESKONTROLE

Professionele plaagbeheer waarop jy kan vertrou!

Spuut & beheer van:
Kakkerlakke
muggies, miere, vlooië
en ander insekte
Betroubaar & doeltreffend.
Skakel
Johnny Laubscher
084 611 3147

MASKAM CASH

Dorpstraat, Vredendal
027 213 3249

Kort op kontant? Ons kan help!

Om te sien of u kwalifiseer bring die volgende dokumente
SASSA Trekkers:
ID afskrif, betaalstrokie
Salaris Trekkers:
ID afskrif, salarisstrokie & 3 maande bankstaat

*Terme en Voorwaardes geld

UITNODIGING OM TE KWOTEER - TUINDIENSTE

Vredendal Tehuis nooi ervare tuindiensbesighede uit om kwotasies in te dien vir die onderhoud van ons gemeenskaplike tuinareas by ons residensiële fasiliteit te Voortrekkerstraat 39, Vredendal.

Omvang van werk sluit in:

- ♣ Gereelde grasperksny en randsny en korrekte verwydering en opruim daarvan
- ♣ Snoei van struik en bome
- ♣ Onkruidbeheer en algemene netheid van tuinareas
- ♣ Opruiming van blare en tuinafval asook verwydering daarvan
- ♣ Skoonmaak/blaas van gange tussen woonstelle asook pad
- ♣ Basiese instandhouding van algemene blombeddings en groenareas.
- ♣ Dienslewering area sluit die hele perseel in.

Bykomende voordele (sal in guns tel):

- * Kundigheid en betrokkenheid met tuinuitleg en landskapontwerp
- * Advies vir beplanning en optimalisering van besproeiingstelsels (waterbesparende oplossings sal sterk oorweeg word)
- * Advies vir bemestingsprogram en grondverbetering
- * Bereidheid om advies te gee oor koste-effektiewe tuinverbeterings

Diensvereistes:

- ♣ Dienslewering: elke 2 weke onder toesig van kontrakteur
- ♣ Kwotasie: maandelikse koste (vir twee besoeke per maand)
- ♣ Goeie en betroubare toerusting tesame met permanente betroubare werknemers.

Verwysings van vorige kliënte word vereis
Die Vredendal Tehuis is 'n nie-winsgewende organisasie met beperkte finansiële hulpbronne.
Diensverskaffers word versoek om billike en koste-doeltreffende tariewe voor te stel.

Stuur u kwotasie, maatskappybesonderhede en verwysings voor of op 20 Februarie na:
Vredendal Tehuis vir Bejaardes Bestuurder
sekretaresse@vredendalvb.co.za 027 213 3040

PW de Bruin Primêr spog met graad 1 klasse

Foto's: Shamira Appels



Graad 1A saam met juffrou Linda Oncke.



Juffrou Daverine Engelbrecht saam met haar graad 1B klas.



Graad 1C saam met juffrou Kaydee Cloete.



Wat? Waneer? Waar!!!!

Alle kerke, skole, sportklubs en ander instansies, stuur julle belangrike datums na ons, ons plaas dit op ons aanlynkalender sodat almal kan sien wat in ons omgewing gebeur.

Stuur na

info.onskontrei1@gmail.com of skakel 027 213 2074.

Gaan kyk wat gebeur in jou omgewing
www.onskontrei.co.za



SKOLE NUUS



Leerders by die droograkke met perskes.

Pomario leerders op uitstappie

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die hoërskool-afdeling van Pomario Onafhanklike Skool het Vrydag, 6 Februarie 'n uitstappie na Bergendal Boerdery onderneem. Soos baie skole in die Cederberg, is leerders van Citrusdal baie bevoorreg om omring te wees van pragtige natuurskoon en suksesvolle plase wat 'n groot bydrae lewer tot werkskepping in die landbou-bedryf. Juffrou Leana het die graad 9 tot 12 leerders na Bergendal Boerdery vergesel. Dit was 'n ongelooflike leersame uitstappie

waar hulle op 'n begeleide toer deur die plaas geneem is. Hulle het gesien hoe perskes gepluk, ontpit en gedroog word vir die plaaslike mark en hoe dit verpak word. Daarna is hulle op 'n toer deur die pakstore geneem waar hulle meer geleer het oor die was, sortering en verpakking van steenvrugte. Die uitstappie is afgesluit by De Tol Padstal waar hulle ietsie kon drink. Volgens die leerders was dit 'n heerlike en leersame uitstappie en hulle is baie dankbaar dat hulle dit kon beleef.

LSO trots op tweekampatlete

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Laerskool Olifantsvallei is ongelooflik trots op hul tweekampatlete wat die naweek aan die interprovinciale byeenkoms in Oudtshoorn deelgeneem het. Dié vlak van deelname verg dissipline, deursettingsvermoë en 'n ware kampioen hart. Die atlete het nie net hulself nie, maar ook die skool en gemeenskap met trots verteenwoordig. Tweekamp vra vir krag en uithouvermoë. Hardloop en swem op 'n

hoë standaard is geen maklike taak nie. Hulle het toewyding getoon tydens oefeninge waarvoor hul vroeg moes opstaan en konstant voorberei. Die naweek het die vrugte van hul harde werkgewys. Die personeel bedank die ouers vir hul ondersteuning, die afrigters vir hulle leiding en die atlete wat hul beste gelever het. Welgedaan aan elke atleet.



Lilly Riekert, Anja Jacobs, Stella Warnich, Barend Spreeth en Riaan Hough.

Leerders deur na Boland byeenkoms

Berig en foto: Verskaf

KLAWER: Nouveau Kollege wil graag die volgende leerders gelukwens en sterkte toewens wat deurgedring het na die Boland Atletiek byeenkoms wat

21 Februarie in die Paarl plaasvind. Bradwin Jaftha - 80m, Ashton Pillay - gewigstoot en diskus, Gideon Southey diskus en Talia Hanekom - spiesgooi.



Die atlete wat gaan deelneem.

Welkom by Laerskool Klawer

Foto: Verskaf



Laerskool Klawer se graad 1 klas saam met juffrou Jacolene Smith en Marsené Boks.

MATZIKAMA MUNISIPALITEIT/ MUNICIPALITY KENNISGEWING / NOTICE

GOEDKEURING VAN DIE KONSEP JAARVERSLAG VIR DIE 2024 - 2025 FINANSIËLE JAAR

APPROVAL OF THE 2024 - 2025 FINANCIAL YEAR DRAFT ANNUAL REPORT



Kennis geskied hiermee dat die 2024/ 2025 Konsep Jaarverslag tydens 'n Raadsvergadering gehou op Donderdag, 29 Januarie 2026 goedgekeur is.

Genoemde dokument is beskikbaar op die munisipale webtuiste ter insae tot 28 Februarie 2026. Enige persoon wat nie kan skryf nie kan 'n afspraak maak met Mnr. M Cloete om hom/haar kommentaar af te neem.

<http://www.matzikamamunicipality.co.za/#/stratdocs>

MR LJ PHILLIP
MUNISIPALE BESTUURDER/
MUNICIPAL MANAGER

KENNISGEWING/NOTICE: K26/2025 - 2026

www.ayandambanga.co.za 152806

Notice is hereby given that the 2024/2025 Draft Annual Report was approved during a Council meeting held on Thursday, 29 January 2026.

Mentioned document is available on the municipal website for comment until 28 February 2026. Any person that cannot write can make an appointment with Mr. M Cloete who will assist with writing down his/her comments

<http://www.matzikamamunicipality.co.za/#/stratdocs>

POSBUS 98/ PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL: 027 201 3300

matzikama



MATZIKAMA MUNICIPALITY

VACANCY

1. Foreman: Water & Sanitation - Vredendal

Closing date: 6 March 2026

The full advertisement and application form is available on the Municipality's website at www.matzikamamunicipality.co.za

LJ PHILLIPS
MUNICIPAL MANAGER

Reference: V5/2026

155873

MUNICIPAL OFFICES
CHURCH STREET 37,
VREDENDAL 8160

TEL: 027 201 3300

www.ayandambanga.co.za

Lutzville atlete deur na Boland

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Vier laerskoolatlete van Hoërskool Lutzville wat Saterdag, 7 Februarie aan die Noordwes Boland byeenkoms deelgeneem het, kwalifiseer om 21 Februarie aan die Boland Kampioenskappe in die Paarl te gaan deelneem.

Die O/13 dogters is: Elané van Zyl vir spiesgooi, 75m en 200m hekkies. Elné Lategan gaan aan gewigstoot en diskus

deelneem. Sy het ook 'n diskusrekord van 32.46 by die laerskool Noordwes Bo-land byeenkoms opgestel.

Bea Coetzee neem aan die 800m deel.

Gerber van Zyl gaan in die seuns O/13 afdeling aan die 200m, verspring en hoogspring deelneem. Hy het ook Saterdag die hoogspringrekord verbeter na 1.60m

Die skool wens die atlete sterkte toe met die voorbereiding.



Die vier atlete wat aan die Boland byeenkoms gaan deelneem.

Olifantsvallei verwelkom onnie

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Laerskool Olifantsvallei het **Corné Brand** (foto regs) by die personeel verwelkom.

Brand bied Engels en Natuurwetenskap aan en het 'n passie vir sport wat 'n groot bydrae kan lewer ten opsigte van rugby, tennis en atletiek. Hulle beskryf hom as 'n ware mentor wat akademie en sport kombineer.

Die personeel sê hy is sonder twyfel 'n groot aanwinst vir die skool, die leerders en die gemeenskap en hoop hulle gaan 'n wonderlike pad saam loop.



Graad 1's by Nouveau verwelkom

Foto: Verskaf



Nouveau Kollege se graad 1 klas saam met juffrou Nettie Louw en Henzel van Rooi.

Hengelaar tweede in kompetisie

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Zandré Coetzee (foto regs) 'n leerder van Môrester Akademie, het 'n tweede plek in die Hengelkompetisie in die Western Cape Super League by die Sigmadam verower.



Daller vaar goed in die Kaap

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Jaco Rossouw (foto

regs) 'n graad 9 leerder van Hoërskool Vredendal, het op Saterdag, 7 Februarie, saam met ander studente van Ananthachai Martial Arts Gym in Vredendal aan 'n volkontak ontwikkelingstoernooi vir Muay Thai in Ottery, Kaapstad gaan deelneem.

Muay Thai is 'n volkontak gevegskuns vanaf Thailand, wat die gebruik van vuishoue, skoppe, knieë, elmboë en gooie toelaat.

Dit was die eerste keer wat Rossouw aan 'n Muay Thai toernooi deelgeneem het.

Hy het hom baie goed bewys deur sy opponent in die 2de ronde via tegniese uitklophou, met wel geplaaste elmboë te oorwin.



Beplan jou besigheid 'n groot verjaardag in 2026?
Kontak ons om promosie opsies te bespreek.
027 213 2074



Valentynsdag Kompetisie

Hierdie Valentynsdag vier ons die alledaagse helde in ons gemeenskap

Ken jy iemand wat 'n bietjie ekstra liefde verdien?

'n Versorger, vrywilliger, onderwyser, buurman, vriend of familielid wat stilweg bo en behalwe gaan? Nomineer hulle vir 'n kans om 'n spesiale Valentynsdag-bederf te wen.

Hoe om in te skryf:

Nomineer iemand deur vir ons te sê:

Wie hulle is

Wat hulle doen

Hoe is hulle verwant aan jou

Hoekom hulle hierdie

Valentynsdag liefde

verdien

(Maximum 100 woorde)

E-pos jou nominasie na onskontreikompetisie@gmail.com

Kompetisie datums

♥ Open Vrydag, 6 Februarie

♥ Sluit Vrydag, 13 Februarie om 12:00

♥ Die wenner sal op Vrydag, 13 Februarie om 14:00 op ons Facebookblad aangekondig word.

Ons beoordelaars sal 'n wenner kies gebaseer op die mees hartverbyldende nominasie. Geselekteerde inskrywings kan ook in die koerant en aanlyn verskyn (met toestemming).

(Slegs aansoeke wat via e-pos ontvang is, sal in ag geneem word.)



Adverteer
dit werk!

Skakel ons
kantoor vir meer
inligting,
027 213 2074



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

13 FEBRUARIE 2026

Parkrun/walk

Vredendal: Parc de Lausanne
Vanrhynsdorp: Letsatsi Lodge
Clanwilliam: Veldskoendraai
padstal

5km stap of draf
Saterdag - 7:00



Fietsryers berei solank voor

Berig: Annemarie Munnik
Foto: Verskaf

VREDENDAL: Namaqua Fietsryklub het Saterdag, 7 Februarie aan die 99er in Durbanville deelgeneem. In perfekte weersomstandighede het die wedren by Durbanville Sportklub begin, waarna hulle die Klipheuwelpad gevolg het tot by Malmesbury. By Kalbaskraal het hulle afgedraai en deur Philadelphia gery tot weer by die beginpunt. Die klub het dit verskriklik geniet, baie op padfietse, bergfietse en selfs e-fietse. Die meeste van die groep het deelgeneem aan die 95km roete om 'n goeie

wegspringtyd te beding vir die Cape Town Cycle Tour wat om die draai is. Die volgende wedren, die Tour de PPA vind Saterdag, 22 Februarie plaas. Dit is 'n 79km en 105km wedren. Dit word ook gebruik as 'n oefenwedren vir die Cape Town Cycle Tour wat op 8 Maart plaasvind. Vanjaar is daar ook 'n 42km opsie om aan deel te neem, asook die 109km waaraan fietsryers gewoonlik kon deelneem. Die nuwe roete sal verseker meer deelnemers lok.



Van Namaqua Fietsryklub se lede wat deelgeneem het.



Vanrhynsdorp Eagles en Young Tigers.

Eagles trek Tiere se tande

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Die Vanrhynsdorp Eagles het Saterdag, 7 Februarie in 'n vriendskaplike rugbywedstryd teen Young Tigers van Calvinia gewys dat spanwerk en sportmanskap steeds sentraal tot die spel staan. Die wedstryd het spelers die geleentheid gebied om wedstryd fiksheid op te bou en nuwe kombinasies te toets. Alhoewel die eindtelling van minder belang was, het die Eagles met goeie dissipline en entoesiasme gespeel. Die wedstryd is in 'n positiewe gees afgehandel, met beide spanne wat hul ondersteuning vir mekaar gewys het.

Die afrigtingspan was tevrede met die spelers se ingesteldheid en pogings op die veld, veral met die oog op die komende seisoen. Jong spelers het ook hul kans benut om waardevolle wedstryd ondervinding op te doen. Ondersteuners wat die wedstryd bygewoon het, het gesorg vir 'n lekker atmosfeer en hul waardering vir plaaslike rugby gewys. Die Vanrhynsdorp Eagles sien uit na hul volgende wedstryd en die uitdagings wat voorlê. Vanrhynsdorp A wen met 'n allemintige 55 teenoor 5.



Laerskool Vredendal se Noordwes Bolandspan.

Sewe en dertig leerders in Noordwes Bolandspan

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Die sone atletiekspan van Laerskool Vredendal het Saterdag, 7 Februarie aan die Noordwes Boland atletiekbyeenkoms te Hoërskool Lutzvil-

le deelgeneem. Leerders het hul uitstekend van hul taak gekwyd en 37 leerders, asook twee aflosspanne is in die Noordwes Bolandspan

opgeneem. Hierdie leerders neem Saterdag, 21 Februarie in die Paarl deel aan die Bolandbyeenkoms. Laerskool Vredendal wens

hulle alle sterkte toe en weet hulle harde werk sal vrugte afwerp.